GEBOOIE: OOR MY KOMMUNIKASIE MET ANDER MENSE!

DR. O.C.O. ERASMUS

Blankes vra dikwels: "Hoe moet ek met Swartmense kommunikeer? Watter etiketreëls geld? Watter kommunikatiewe houding moet ek inneem?"

Hoe onseker laat derglike vrae ons soms? Die onsekerheid ontaard in swak kommunikasiegebeure.

Wat is dan tog belangrik? Watter uitweg is daar? Dit sal ons baat om 'n paar duidelike en eenvoudige Skriftuurlike bevele te oordink.

Die volgende "gebooie" beveel ons hoe om met mense – alle mense, ook Swartmense, te kommunikeer. Hoe vergelyk ons omgang met mense met wie ons saamwerk of saamwoon of wat by ons daagliks verbybeweeg, met hierdie norme?

1. "MOENIE HOOGHARTIG WEES NIE, MAAR VOEG JULLE BY DIE NEDERIGES" (Romeine 12:16):

Vanuit watter posisie kommunikeer ons en is ons beskikbaar?

* "Kyk jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy: nederig en Hy ry op 'n esel" (Sagaria 9:9).
* "Die trotsheid van 'n mens verneder hom, maar die nederige van gees sal eer kry" (Spreuke 29:23).

2. "LAAT JULLE LIG SO SKYN VOOR DIE MENSE ... " (Matteus 5:14-16):

'n Opdrag om wel te kommunikeer – betrokke te wees!

* "Maar Hy antwoord: 'Ek sê vir julle: As hulle stilbly sal die klippe uitroep" (Lukas 19:40).
* "Laat julle welwillendheid bekend wees aan alle mense" (Filippense 4:5).

Hoe skyn ons lig as ons nie met *mense praat* nie?

In watter mate beweeg ons swygend by mense verby? Hoeveel mense – alle mense, ook Swartmense – hoor of sien hoegenaamd ons getuienis?

3. "VERBLY JULLE ALTYD IN DIE HERE" (Filippense 4:4):

Dit dui ons kommunikatiewe houding aan. Wat vertoon ons?

* "Die liefde is ... vriendelik" (1 Kor. 13:4).
* "Herinner die mense nadruklik daaraan ... Hulle moet van niemand kwaad praat nie en nie rusie soek nie. Hulle moet vriendelik wees en altyd bedagsaam teenoor almal" (Titus 3:1-2).
* "... niemand kan julle blydskap van julle af wegneem nie" (Johannes 16:22).
* "Wees nie bedroef nie, want julle blydskap in die Here – dit is julle beskutting" (Nehemia 8:11).

Blydskap in die Here is ons beskutting in elke kommunikasiesituasie! Dit is die gelowige se toerusting. Hoeveel mense wat ons ontmoet, beleef 'n blydskap in ons kommunikasie?

4. "WAT IS JOU NAAM?" (Markus 5:9):

Onthou, elke mens se naam is baie belangrik.

* "Ek het jou by die naam geroep ..." (Jesaja 43:1).
* "Hy roep sy skape op hulle name en lei hulle uit" (Joh. 10:3).

'n Mens het 'n naam. Doen met ander se naam wat jy met jou eie naam gedoen wil hê.

5. "LAAT JULLE VRIENDELIKHEID AAN ALLE MENSE BEKEND WORD" (Filippense 4:5):

* "Wat julle sê, moet altyd vriendelik wees en van goeie smaak getuig: en julle moet weet hoe julle elkeen behoort te antwoord" (Kol. 4:6).
* "... was ons liefdevol en sag teenoor julle soos 'n moeder wat haar kinders vertroetel" (1 Thes. 2:7).
* "Maar die vrug van die Gees is ... vriendelikheid" (Gal. 5:22).

Vriendelikheid word tussen mense – van verskillende tale en kulture – sonder taalkennis gekommunikeer. Om vriendelik te wees is deel van die gelowige se kommunikatiewe toerusting.

6. "BETOON HARTLIKE BROEDERLIEFDE TEEN MEKAAR" (Romeine 12:10):

* "... lê julle toe op gasvryheid" (Romeine 12:13).
* "... julle moet bid vir die wat julle vervolg" (Matteus 5:44).
* "... bly altyd geesdriftig ..." (Romeine 12:11).

Is die gelowiges meer hartlik as die ongelowiges in ons tyd? Ons het die opdrag om ons in ons kommunikasie "toe te lê op hartlikheid".

7. "DIE LIEFDE MOET OPREG WEES" (Romeine 12:9)

* "Die vrug van die Gees is ... liefde" (Gal. 5:22).
* "Al praat ek die tale van mense en engele maar ek het geen liefde nie ..." (1 Kor. 13:1).
* "God is liefde: wie in die liefde bly, bly in God, en God bly in hom" (1 Johannes 4:16).

Die gelowige moet ook in sy kommunikasie met ander binne die liefde van God bly. Om lief te hê, is meer as enige ander aspek van kommunikasie! Dit geld ten opsigte van alle mense. Wat 'n geweldige posisie!

8. "BEWYS EERBIED TEENOOR MEKAAR EN WEES MEKAAR DAARIN TOT VOORBEELD" (Romeine 12:10):

* "Verder broeders, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees, daarop moet julle julle gedagtes rig" (Filippense 4:8).

Die dinkproses is deel van die kommunikasieproses – 'n mens kan nie kommunikeer sonder om te dink nie en jy kan nie ander dinge sê as wat jy dink nie!

* "Julle moet alle mense respekteer ..." (1 Petrus 2:17).

Om waardering vir ander mense te hê, is soms moeilik – veral as hulle kultureel ver van ons af is. Dit is noodsaaklik om te kan kommunikeer.

* "... in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself" (Filippense 2:3).

9. "WEES GEDULDIG MET MEKAAR" (Kol. 3:13):

* "Maar die vrug van die Gees is ... geduld" (Gal. 5:22).
* "Die liefde ... geduldig" (1 Kor. 13:4).

* "Die liefde ... hou nie boek van die kwaad nie .." (1 Kor. 13:5).
* "Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie lief het. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees" (Kol. 3:12).

Wanneer ons met mense van 'n ander kultuur kommunikeer, verg dit besondere geduld en verdraagsaamheid. Hoe moeilik is dit soms om geduldig te luister. Baie tyd is noodsaaklik. Ons kan dit doen, want elke gelowige is lid van die volk van God wat Hy baie liefhet!

10. "ONS VERKONDIG ONSSELF AS JULLE DIENSKNEGTE ..." (2 Kor. 4:5):

* "Ons verkondig nie onsself nie, maar Christus Jesus as Here en onsself as julle dienaars ter wille van Jesus" (2 Kor. 4:5).
* "... ek (het) my aan almal diensbaar gemaak" (1 Kor. 9:19).
* "As iemand eerste wil wees, moet hy die heel laaste en almal se dienaar wees" (Markus 9:35).

Die Christen se kommunikasie met ander vind plaas in die gesindheid en gestalte van 'n dienskneg! Dan ook nie slegs teenoor my eie mense nie – maar teenoor almal. Dit sluit mense van ander tale in. Wat weeg ons as hierdie norm in ons eie kommunikasie aangelê word?

11. "SOOS ONS OOK ONS SKULDENAARS VERGEWE" (Matteus 6:22):

* "Ek sê vir jou ... selfs sewentig maal sewe keer" (Matt. 18:22).
* "... oorwin die kwaad deur die goeie" (Romeine 12:21).
* "Vergeef as julle iets teen iemand het" (Markus 11:25).

Die gelowige is nie bekwaam en verantwoordelik om te kommunikeer as hy nie van harte vergewe het wat hy teen iemand gehad het nie. Ons kommunikasie kan nie plaasvind in 'n gees en gesindheid van onvergewensgesindheid nie. God vergewe ons "soos ons skuldenaars vergewe." Hoe ons ons skuldenaars vergewe, bepaal die kwaliteit van ons kommunikasie.

12. "'N BETROUBARE GETUIE RED LEWENS" (Spreuke 14:25):

* "Die woorde uit die mond van wyse is aangenaam" (Prediker 10:12).
* "Hy wat betroubaar is van gees bedek 'n saak" (Spreuke 11:13).
* "'n Betroubare boodskapper is 'n gerusstelling" (Spr. 13:17).
* "Iemand wat ... betroubaar is" (1 Kor. 7:25).

In sy kommunikasie moet die gelowige die vertroue van die ander werd wees. Wat is 'n Christen wat nie 'n betroubare getuie is nie? Ons betrokkenheid in kommunikasie met ander mense moet die vertroue wat in ons gestel word, verstrek.

13. "... JULLE SKOONHEID MOET DIE VAN DIE INNERLIKE MENS WEES: BLYWENDE BESKEIDENHEID EN KALMTE VAN GEES" (1 Petrus 3:4):

* "Geseënd is die sagmoediges" (Matteus 5:5).
* "So een met die gees van sagmoedigheid reghelp" (Gal. 6:1).

Sagmoedigheid – blywende beskeidenheid – is kosbaar voor God. Dit is deel van die gelowige se noodsaaklike toerusting in sy kommunikasie. Soos baie Christene mekaar deesdae in die hare vlieg, lyk dit of veel sagmoedigheid ontbreek!

14. "EN AS JULLE NET JULLE BROEDERS GROET, WAT DOEN JULLE MEER AS ANDER?" (Matteus 5:47):

* "Laat julle welwillendheid bekend wees aan alle mense" (Filippense 4:5).
* "Lê julle toe op gasvryheid" (Romeine 12:13).
* "Die vrug van die Gees is ... vriendelikheid" (Gal. 5:22).

Om mense te groet, is belangrik in kommunikasie. Die bereidheid om mense te groet sowel as die gehalte van ons groet is van groot belang. Dit geld vir alle mense.

15. "GEREGTIGHEID WORD GEOES WAAR DIE VREDEMAKERS IN VREDE SAAI" (Jakobus 3:18):

* "Maar die wysheid wat van bo kom, is allereers sonder bybedoelings en verder is dit vredeliewend, inskiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg" (Jakobus 3:17).

Dit dui vir ons die kwaliteit van die wysheid wat en waarmee die Christen kommunikeer. ★

Aanpassing van Swartes by Westerse denke

'n Organisasie vir die opleiding van volwassenes, Consultants Personnel Orientation, is gestig om diegene te onderrig wat in staat moet wees om Swartmense op te lei om hul plekke in die ontwikkeling van die land te neem.

Belangrike kultuurverskille

Die organisasie beplan seminare. Die programme wat hy aanbied vir potensiële Swartopsigters, -bestuurders en uitvoerende beamptes, is so beplan dat dit ses belangrike terreine van kultuurverskille dek wat Swartmense in die internasionale sakewêreld in 'n ongunstige posisie plaas. Dit is:

* *Denkwyses:* Die gebruik van stelselmatige denke wat algemeen in die Blanke kultuur is in teenstelling met intuïtiewe, konkrete denke;

* *Houdings teenoor die wêreld:* Verskillende wêreldsienings word ondersoek met die klem op Westerse denkpatrone en gewoontes;

* *Selfhoudings:* Individualisme word gestel teenoor die norm in 'n Swart kultuur dat persoonlike identiteit en waarde in 'n groep verwerf word;

* *Houdings teenoor andere:* Hier word gekyk na verskillende maatskaplike strukture en kultuurverskille op die gebied van ekonomie, onderwys en die gesin gekontrasteer.

* *Houdings ten opsigte van tyd,* byvoorbeeld stiptelikheid; en

* *Houdings ten opsigte van motivering.*

Die persoon in beheer van die program is 'n Amerikaanse deskundige op die gebied van kommunikasie, mnr. Stewart Cook, wat 16 jaar ondervinding van maatskaplike werk in Suid-Afrika het. Hy het met Amerikaanse en Suid-Afrikaanse raadgewende beamptes saamgewerk. ★